**Getuienis op Hervormingsdag, 31 Oktober 2024, eMseni, Benoni**

*"Want die verlossende genade van God en die goedheid en menseliefde van God, ons Verlosser, het vir alle mense verskyn…"*

(Titus 2:11, 3:4)

Die Moderamen van die Algemene Sinode van die NG Kerke in Suider-Afrika (ASM) het van 29 tot 31 Oktober 2024 te eMseni in Gauteng vergader, diep onder die indruk van die tyd en omstandighede waarin ons as gelowiges en ons gemeentes leef. Dit is dertig jaar ná die historiese oorgang van Suid-Afrika na 'n demokratiese bestel vir alle mense wat hier woon; dertig jaar ná die "Versoeningsinode" van die NG Kerk in 1994. Dit is twee eeue ná die eerste "Algemene Kerkvergadering" van 1824, die begin van ons verband van 'n familie van gereformeerde kerke in Suider-Afrika. Ons het byeengekom in 'n konteks van groot droogte én vloed, van oorvloed én gebrek, van wanhoop en tóg soveel moontlikhede; 'n wêreld met vryheid vir baie, maar verdrukking en lyding vir miljoene.

In hierdie omstandighede, wil ons getuig –

1) dat Jesus Christus – Eersgeborene van die Skepping, Eersgeborene uit die dood (Kolossense 1:13-20) – verskyn het om die genade, goedheid en liefde van God aan alle mense te kom wys, soos wat Paulus aan Titus geskryf het (2:11, 3:4); soos wat ons in die Credo van Nicea bely, God uit God, Lig uit Lig, mensgeword uit die maagd Maria, gely, gekruisig, gesterf het, uit die graf opgestaan het en wéér so aan ons sal verskyn (Titus 2:13); soos wat ons dit ook in ons kerke verkondig;

2) dat in ons verkondiging en lewe as gelowiges, die Bybel vir ons God se Woord is, die Skrifte waarin ons sy Naam leer ken het en sy roepstem tot ons hoor kom; dit is sy geïnspireerde Woord wat ook deur sy Gees lewendgemaak word; gesagvol, vol wysheid en troos – dít was die besluit van die Algemene Sinode 2023;

3) dat die hart van die Skrifte, die lewende Christus is, wie se bevrydende boodskap vertel van God se koninkryk wat in hierdie wêreld deurbreek; 'n koninkryk waarin genade en liefde, geregtigheid, barmhartigheid en vrede woon;

4) dat ons as NG Kerke daarom ‘n roeping het om in ons huidige omstandighede in Suider-Afrika getuies van hierdie koninkryk te wees, deur ons verkondiging van die Evangelie, die bediening van versoening en deur konkreet gestalte te gee aan die hoop wat in ons leef;

5) dat ons daarom verbind is –

   a. om deur veilige en verantwoordelike gesprekke in gemeentes, ringe en sinodes versoening en vrede in ons eie geledere na te streef; om só ín ons ryke verskeidenheid van gawes en spiritualiteite, vroue en mans, jonk en oud, ons eenheid in Christus te bevestig en te versterk;

   b. om in nederige afhanklikheid van God se Gees, te soek na die herstel van ons familieband met die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika, die NG Kerk in Afrika, die Reformed Church in Africa en ander kerke van gereformeerde belydenis – ons almal, wat uit die bediening van daardie eerste veertien gemeentes in die Algemene Kerkvergadering van 1824 kom;

   c. om dankbaar vir God se genade, ons plek in te neem in die breër ekumeniese familie van Christelike kerke in Suider-Afrika – soos in die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke – en hande te vat in ons getuienis oor geregtigheid en dade ter verligting van nood in ons samelewing;

6) en daarom wil ons teenoor alle owerhede en gemeenskappe in ons lande – ook gehoorsaam aan Paulus se opdrag aan Titus (3:1-2) – getuig dat ons deel wil wees van plaaslike-, provinsiale- en nasionale gesprekke oor lewe hier, omdat ons nie oor misdaad, plundering, korrupsie, geweld, armoede, werkloosheid, die uitputting van bronne, die krisis van klimaatsverandering en ‘n sugtende skepping durf swyg nie, maar ‘n verskil wil maak wat hoop vir almal bied; en

7) as ons dít oor ons eie konteks getuig, ons ook nie kán swyg oor geweld, oorloë, verskriklike lyding en vernietiging wat in ander wêrelddele woed – in die Oekraïne, die Midde-Ooste, Palestina, Soedan, Nigerië en ook in ons subkontinent – en wil ons ons stem voeg by die noodkreet wat hieroor na God opstyg; ons pleit vir ‘n skietstaking; ons pleit vir ‘n blywende oplossing waardeur geregtigheid en die landskap kan herstel; ons distansieer ons

van enige ideologie wat uit selfsug en haat of in die naam van godsdiens ellende en dood saai.

Ons getuienis op hierdie Hervormingsdag, kom in die gees van die Reformasie – van die Skrif, genade, geloof, Christus en die eer van God alleen – eerstens as 'n wekroep tot onsself, as NG Kerke. Dit roep ons op tot selfondersoek en diepe verootmoediging; tot 'n belydenis dat ons óók aandadig is aan vervreemding en verdeeldhede; tot 'n dankgebed dat ons nogtans aan Hóm mag behoort en tot 'n lewe uit wat Hy in Christus geskenk het:

*"… die verlossende genade van God het verskyn vir alle mense,*

*en voed ons op,*

*sodat ons in hierdie bedeling*

*verstandig,*

*regverdig,*

*en toegewyd kan leef,*

*terwyl ons uitsien na die salige hoop en glansryke verskyning van God,*

*en ons Verlosser Jesus Christus."*

(Titus 2:11-13)